kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Ritueel, herkenning en geloofsvorming

**Skriflesing:** Handelinge 1:1-13

## Broodjies vir die pad

"The brain does much more than recollect. It compares, synthesizes, analyzes, generates abstractions. We must figure out much more than our genes can know. That is why the brain library is some ten thousand times larger than the gene library. Our passion for learning, evident in the behaviour of every toddler, is the tool for our survival. Emotions and ritualized behaviour patterns are built deeply into us. They are part of our humanity. But they are not characteristically human. Many other animals have feelings. What distinguishes our species is thought. The cerebral cortex is a liberation. We need no longer be trapped in the genetically inherited behaviour patterns of lizards and baboons. We are, each of us, largerly responsible for what gets put into our brains, for what, as adults, we wind up caring for and knowing about. No longer at the mercy of the reptile brain, we can change ourselves."
— Carl Sagan, Cosmos

"At this point I reveal myself in my true colours, as a stick-in-the-mud. I hold a number of beliefs that have been repudiated by the liveliest intellects of our time. I believe that order is better than chaos, creation better than destruction. I prefer gentleness to violence, forgiveness to vendetta. On the whole I think that knowledge is preferable to ignorance, and I am sure that human sympathy is more valuable than ideology. I believe that in spite of the recent triumphs of science, men haven't changed much in the last two thousand years; and in consequence we must still try to learn from history. History is ourselves. I also hold one or two beliefs that are more difficult to put shortly. For example, I believe in courtesy, the ritual by which we avoid hurting other people's feelings by satisfying our own egos. And I think we should remember that we are part of a great whole. All living things are our brothers and sisters. Above all, I believe in the God-given genius of certain individuals, and I value a society that makes their existence possible."
— Kenneth Clark, Civilisation

"Sometimes God calls a person to unbelief in order that faith may take new forms."
— Christian Wiman, My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer

"Rituals are important. Nowadays it's hip not to be married. I'm not interested in being hip."
— John Lennon

"Find your rituals, develop your routines, create those practices that ground and center you. Stick to them, don't apologize for them, treat them, even the small things, like they're big things."
— Rob Bell, How to Be Here: A Guide to Creating a Life Worth Living

"In general, human societies are not innovative. They are hierarchical and ritualistic. Suggestions for change are greeted with suspicion: they imply an unpleasant future variation in ritual and hierarchy: an exchange of one set of rituals for another, or perhaps for a less structured society with fewer rituals. And yet there are times when societies must change."
— Carl Sagan, Dragons of Eden: Speculations on the Evolution of Human Intelligence

"Nothing that is worth doing can be achieved in our lifetime; therefore we must be saved by hope.
Nothing which is true or beautiful or good makes complete sense in any immediate context of history; therefore we must be saved by faith.
Nothing we do, however virtuous, can be accomplished alone; therefore we must be saved by love.
No virtuous act is quite as virtuous from the standpoint of our friend or foe as it is from our standpoint. Therefore we must be saved by the final form of love which is forgiveness."
— Reinhold Niebuhr,

"To listen is very hard, because it asks of us so much interior stability that we no longer need to prove ourselves by speeches, arguments, statements, or declarations. True listeners no longer have an inner need to make their presence known. They are free to receive, to welcome, to accept.
Listening is much more than allowing another to talk while waiting for a chance to respond. Listening is paying full attention to others and welcoming them into our very beings. The beauty of listening is that, those who are listened to start feeling accepted, start taking their words more seriously and discovering their own true selves. Listening is a form of spiritual hospitality by which you invite strangers to become friends, to get to know their inner selves more fully, and even to dare to be silent with you."
— Henri J.M. Nouwen, Bread for the Journey: A Daybook of Wisdom and Faith

"The ever-changing reality in the midst of which we live should awaken us to the possibility of an uninterrupted dialogue with God. By this I do not mean continuous "talk," or a frivolously conversational form of affective prayer which is sometimes cultivated in convents, but a dialogue of love and of choice. A dialogue of deep wills."
— Thomas Merton, New Seeds of Contemplation

## Kan jy jouself ooit regtig volledig ken?

*Wilhelm Jordaan*

Wysaards, profete en filosowe se eeue oue opvatting dat jy jouself moet ken, is vandag dringender as ooit tevore, reken die historikus en filosoof Yuval Noah Harari in sy boek *21 Lessons for the 21st Century*.

En die rede, sê hy, is dat “slim-algoritmes wat op groot stelle data gegrond is, uiteindelik in staat sal wees om jou te beheer en te manipuleer. Die algoritmes sal beter as jy self weet wat in jou aangaan en daar is nie veel wat jy daaraan sal kan doen nie.”

Klink na wetenskapsfiksie wat dreig om waar te word. Gebeur dit, sal ons soos die karakter Data in *Star Trek: The Next Generation* wees: Wesens met die voorkoms van ’n mens; met vurige oë wat teen ’n verbysterende spoed “data” verwerk en met algoritmes beheer word, maar ons kom één menslike vermoë kort en ons bly dit begeer: Om te weet wie jy in jou diepste wese is en om egte gevoelens te hê.

Hopelik sal so ’n datamensheid nooit ons voorland wees nie. Intussen moet ’n mens vra of dit enigsins moontlik is om jouself te ken.

Sommige reken jy leer jouself ken deur mediterende stilte.

Tog sê navorsing selfkennis is misleidend wanneer jy jouself probeer vind in die isolasie van die afgesonderde “ek” – deur eindeloos vrae te vra en oor jouself te tob.

Die Franse dramaturg André Gide het die nutteloosheid van ’n verbete soektog na selfkennis aangevoel toe hy geskryf het ’n wurm wat homself wil leer ken, word nooit ’n skoenlapper nie.

Dus: Jy kan jouself nie ken nie. Leef net onbevange, juis omdat die hedendaagse mens ’n polifoniese skepsel is – baie “stemme” wat gelyktydig meespreek en wat jou daagliks noodwendig verwikkel en knoop in uiteenlopende take, rolle, maskerades en personas. Dit het niks te doen met onegtheid of valsheid nie. Om ’n mens te wees, is om maskers op te sit en af te haal. En te weet wanneer en hoe.

Skrikwekkend, sal sommige sê. Daar ís mos iets soos ’n vaste, egte, onvervalste “ek” wat jy wel kan ken en wat ander mense ook kan ken.

’n Mens wil vermoed én hoop alles van jouself wat so versplinter raak, word tog saamgevoeg tot “iets” waarvan jy eg kan sê: “Ja, dis tog ék dié – deurlopend so, as’t ware van die wieg tot die graf.”

Maar selfkennis word ook ontdek in betekenisvolle verhoudings waarin ’n ander mens wat werklik omgee en noukeurig luister, deernisvol en geduldig ’n “spieël” aan jou voorhou sodat jy iets van die raaisel wat jy is, kan sien.

In sy *Julius Caesar* het William Shakespeare dié beginsel poëties verwoord waar Cassius aan Brutus sê: “And since you know you cannot see yourself / So well as by reflection, I, your glass, / Will modestly discover to yourself / That of yourself which you yet know not of . . .”

Daaruit kom kosbare, lewensvormende selfkennis – altyd vloeibaar, tegelyk gerusstellend bekend en verruklik onbekend.

** Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-kan-jy-jouself-ooit-regtig-volledig-ken-20220601

## Brood vir die pad

### Diep ontroerend om jouself in ’n ander te herken

*RRV*

In ’n preek van die 16de eeuse kerkhervormer Johannes Calvyn oor Galasiërs 6:9-11 lees ons sy opmerking dat ons as mense ons eie gelaat, soos in ’n spieël, moet sien in die arme en die veragte, selfs al is daardie persoon vir ons ’n totale vreemdeling.

As ’n Moor of ’n Barbaar in ons midde verskyn, vervolg Calvyn met verwysing na voorbeelde van godsdienstige en kulturele vreemdelinge in sy dag, bring daardie persoon as’t ware ’n spieël saam waarin ons kan sien dat die persoon ons naaste is.

Calvyn sluit in sy preek in 1558 veral aan by die oproep om nie moeg te raak om goed te doen aan álle mense nie (Galasiërs 6:9-10).

Miskien het hierdie aksent daarmee te make dat hy, wat self destyds uit Frankryk gevlug het, gesien het hoe die noodlydendes en vlugtelinge in Genève beskou en behandel is. Wat Calvyn dan ook in sy preek uitlig, is dat indien ons nie ons eie menswees en die beeld van God in die ander kan raaksien nie, ons in die proses self onmenslik en monsteragtig word. Daarom dat dit belangrik is om in ander ’n gedeelte menslikheid te herken. Of, om Calvyn se woorde te gebruik, “dat ons van een vlees is”.

Hierdie oproep om mekaar, te midde van verskeidenheid en verskille, as medemense te herken en te respekteer, bly ’n uitdaging – ook vir ons samelewing vandag.

Waar dit nie gebeur nie, waar mense ervaar dat hul menslikheid en waardigheid misken word, ontstaan wonde en breuke wat moeilik heel. Tog is dit ook so dat wanneer ons menslikheid wel bevestig word, selfs ook net deur klein dade van bedagsaamheid en medemenslikheid, bande gesmee word wat ons nie net persoonlik laat floreer nie, maar ook sosiale kohesie en welstand bevorder.

’n Paar jaar gelede ry ons gesin in ons motor oor Sir Lowryspas toe ’n verkeersman ons aftrek en uitwys dat my motorlisensie kort tevore verval het, en dadelik ’n boetekaartjie begin uitskryf.

In daardie stadium het ons deur ’n moeilike tyd gegaan weens ’n bouprojek wat skeefgeloop het en ons onder finansiële druk geplaas het.

Strydig met my geaardheid, begin ek toe om een of ander rede om teenoor hierdie totale vreemdeling hartstogtelik my probleme en frustrasies uit te stort. Waarop hy reageer: “Meneer, ek is ook ’n mens, ek verstaan, gaan hernu net die lisensie volgende week.”

Ek wys nie maklik sterk emosie nie, maar in daardie oomblik wou ek hom omhels. Nie omdat hy die boete afgeskryf het nie, maar omdat hy – onverwags – my as ’n méns behandel het.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/rrv-diep-ontroerend-om-jouself-in-n-ander-te-herken-20220528

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877